**HOPE PROJECT**
Students voice their support

**BEURSFONDSE**
Koshuise woeker met beursfondse

**ONDERHOUD**
Una Ramsay praat oor "teruggee"




ALUMNI
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# alumnUS

**2012**

UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY




# HOPE Project: SU continues making a real difference

**THE BONFIRES** were burning brightly at the recent HOPE Week where alumni and friends of Stellenbosch University (SU) were thanked for their role in pushing SU to the forefront of higher-education leadership. At the main HOPE Week event, Prof Russel Botman gave an overview of the successes of the HOPE Project, which has been taking shape since his inauguration as Rector and Vice-Chancellor on 11 April 2007.

"I said at that time we were placing a development agenda on the table as a countermeasure to despair. When one looks at what has been achieved since, we can take pride in the real difference that SU is making in people's lives," Prof Botman said.

Highlights of the HOPE Project since its public launch on 21 July 2010 include: the invention of the nanotech 'teabag' filter for the purification of polluted drinking water; the first eight medical doctors graduating from SU's new Ukwanda Rural Clinical School; 76 PhD candidates from elsewhere in Africa enrolling at SU via the Graduate School of Arts and Social Sciences; and more than 3 500 Maties participating in activities of the Frederik Van Zyl Slabbert Institute for Student Leadership Development.

The HOPE Project is also successful as Africa's largest higher-education funding campaign. The University Council has reappointed Prof Botman for a second five-year term. "Thank you very much to all our supporters for investing in a better future," Prof Botman said. He added that the greatest challenge facing SU now is sustainability. "In the 21st century, serious efforts are needed worldwide to rectify the damage caused in the 20th century. Energy saving, water security and climate change will have to receive the attention of our best academics and researchers. "This challenge will also have to be reflected in the further development of the University. New sustainable buildings will have to be erected and our carbon footprint will have to become smaller. We also want to inculcate critical thinking in our students about 'green as the new maroon'.

"To achieve this, we will have to enter into very strong partnerships with foundations and companies and individuals who share our outlook. Sustainability will become SU's trademark and we will forge strong bonds with others who also have this trademark." Prof Botman said that SU can quite rightly celebrate its continued excellence and increasing relevance. In 2011, the University was included for the first time in three international rankings of the top universities in the world.

"The excellence of the 21st century will have to reflect the character of sustainability. In this way, we will make hope happen for our country and for our continent. In this way, we will make hope happen for future generations." Support HOPE: www.thehopeproject.co.za







MAKE YOUR CONTRIBUTION WITH OUR NEW AFFINITY CARD»

# Om terug te gee...

***"Moenie vir my jammer wees nie, want dan is ek jammerlik. Moedig my eerder aan en ondersteun my. Glo in my en motiveer my."***

So praat Una Ramsay, 'n bestuurslid van die Dr TE Dönges-studiefonds, namens behoeftige Matiestudente wat van studiebeurse afhanklik is om hul beroepsdrome te bewaarheid. In die huidige ekonomiese klimaat het Suid-Afrika se belowende studente wat dit nie breed het nie, alle moontlike hulp nodig om hul potensiaal te verwesenlik.

Me Ramsay, dogter van die voormalige regsman, koerantman, politikus en oud-Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) dr TE Dönges, glo dat elke skenker se bydrae 'n beduidende verskil in die lewe van 'n belowende dog behoeftige student kan maak.

Die Dr TE Dönges-studiefonds is in die lewe geroep danksy dr Dönges se vrou, Billie (geb Schoeman), wat ná haar man se dood in Januarie 1968 versoek het dat daar in plaas van blomme en kranse bydraes gestuur kan word vir 'n studiefonds wat as monument vir dr Dönges kon dien. Hy is ná staatspresident CR Swart se uittrede tot staatshoof verkies, maar kon weens swak gesondheid nie die amp beklee nie. Mev Dönges se visie was van die begin af dat "wat bereik word deur die fonds belangriker moet wees as die naam van die fonds".

Die doel van die fonds is om behoeftige eerstejaarstudente vir die duur van hul studieprogram met 'n bykomende bedrag (nie klasgeld nie) 'n finansiële hupstoot te gee. Dié bedrag beloop tans R12 000 per jaar. Tot dusver is meer as R2 250 000 al as beurse uit die fonds aan 317 studente toegeken. Die aansoekers word gekeur op grond van hulle akademiese prestasie (matriekuitslae en suksesvolle studie daarná) en finansiële nood. Een van vanjaar se suksesvolle aansoekers kom uit behoeftige huislike omstandighede, met 'n enkelouer-ma wat as huishulp 'n inkomste verdien. Studente met 'n gemiddelde akademiese prestasie van meer as 90% het ook al om die beurs aansoek gedoen. Een van die vorige beursontvangers vertel graag hoe dié beurs tot die sukses van sy mediese loopbaan bygedra het: "Die TE Dönges-studiefonds was 'n groot motivering vir my studie. Dit het my daaraan herinner dat daar mense is wat in my glo. Dit het die deur wyd genoeg help oopmaak om oor die drumpel te kon stap."

Dr Dönges het self met 'n beurs gestudeer. Hy is vir sy harde werk met die Thomas Louw-beurs beloon, en was in 1916 'n eerstejaarstudent aan Victoria-kollege op Stellenbosch. Dit het hom jaarliks 'n volle £18 aan klasgeld en £40 vir sy verblyf in Wilgenhof uit die sak gejaag! Hy het 'n BA Lettere-graad in 1918 behaal, die jaar waarin Victoria-kollege die Universiteit Stellenbosch (US) geword het. Nadat hy sy MA in Filosofie met onderskeiding geslaag het, is die Koningin Victoria-beurs ook aan hom toegeken. As 'n beursontvanger, het hy dus die waarde van studiefondse deeglik besef.

Dr Dönges het ook in sy testament R5 000 aan die US nagelaat. Dít was sy grootste enkele bemaking – 'n duidelike bewys van sy lojaliteit en 'n daad van teruggee aan die instansie wat hom as jong, belowende student akademies ondersteun het. Danksy die Dönges-familie se jare lange verbintenis met die US, het me Ramsay, self ook 'n skenker, 'n sterk lojaliteit teenoor haar alma mater. Benewens haar pa en sy self, het twee van haar dogters, dr Ann Louw, tans medeprofessor in Biochemie aan die US, en dr Michele Ramsay, professor in Menslike Genetika aan die Universiteit van die Witwatersrand, ook aan die US gestudeer. Die jongste toevoeging tot hierdie generasielyn van Maties is me Ramsay se twee kleinseuns, Niel Ramsay Louw, wat tans vir 'n meestersgraad in Internasionale Verhoudinge studeer, en Robert Ramsay Louw, 'n BSc-student in sy tweede jaar.

"Jy weet," sê me Ramsay, "ons moet hierdie belowende dog behoeftige studente help om hul plek in Suid-Afrika vol te staan. Ons móét hulle die geleentheid gee om verder te studeer. En hopelik sal ons wat hier was, dit waardeer, en onthou om ook weer terug te gee aan die instansie waarvan ons so baie ontvang het."

Indien jy meer oor erflatings wil uitvind, skakel gerus met Hugo Steyn van die Afdeling Ontwikkeling en Alumniverhoudinge by 021 808 3615 of hugos@sun.ac.za

*- Artikel geskryf deur Mariëtte Odendaal, BA (1979), HOD (1980), MPhil (2008)*



***"Dit het die deur wyd genoeg help oopmaak om oor die drumpel te stap."***

*Foto:Bernard Bravenboer*

# Koshuise woeker met hul beursfondse

**ALUMNI VAN VERSKEIE KOSHUISE** het oor die afgelope paar jaar besluit om kragte saam te snoer en groot verskil te maak in die koshuise wat hulle so na aan die hart lê. Oudinwoners van verskeie koshuise het die inisiatief aan die dag gelê om in toekomstige generasies te belê en te verseker dat huidige studente dieselfde waardevolle studente- en leerervaring as hulle beleef. Elke fonds is eiesoortig, en fondswerwing vir die onderskeie fondse geskied op allerlei maniere, onder meer deur middel van wynveilings; gholfdae; kleiner, maandelikse skenkings, of groot, eenmalige skenkings wat belê kan word. AlumnUS het gaan ondersoek instel en op die volgende uitblinkers afgekom:

### Wilgenhof Bondfonds

Wilgenhof was die baanbrekers met die stigting van hul fonds in 1998. Hul doelwit was om 'n beursfonds te stig wat teen 2003, dieselfde jaar as hul 100 jaar reünie, ten minste R1 miljoen sterk sou staan. Die doel van die fonds is om aan studente, vir wie dit andersins nie moontlik sou kon wees nie, die kans te gun om ook die kameraderie van koshuislewe te ervaar en ook om by te dra tot die onderhoud en verbetering van infrastruktuur van die koshuis bv. die tennisbane en muurbalbaan. Die afgelope 14 jaar het alumni hierdie inisiatief ruim ondersteun en het 51 studente reeds beurse van ongeveer R 10 000 elk ontvang.

### Oud-Dagbreker Bond Beursfonds

Die Oud-Dagbreker Bond Beursfonds is in 2006 gestig en in 2007 is die eerste beurs toegeken. 'n Verdere 10 studente het reeds uit hierdie fonds gebaat. Twintig eenjaar-beurse, wat studente help met sakgeld en universiteitsuitgawes, is ook toegeken. "Dié Oud-Dagbrekers bou brûe tussen vroeëre geslagte en die Dagbrekers van vandag en van môre", sê mnr Henno Vermaak, 'n trustee van die fonds. "Ons skenkers het in 'n kort tydjie gewys watter positiewe rol Oud-Dagbrekers met klein, maar gereelde skenkings aan die beursfonds in die lewe van die huidige geslag Dagbrekers kan speel. Ons hoop dat nog baie Oud-Dagbrekers hulle weg en hulle beursies sal oopsien om die bewese sukses van hierdie projek te ondersteun!"

### Oud-Helderberger Bondfonds

Die doel van die Oud-Helderberger Bondfonds is tweeledig. Die eerste been, gestig in 2010, fokus op beurse vir behoeftige studente terwyl die tweede been (gestig in 2011) met koshuisverbeteringe gemoeid is. Die Oud-Helderberger Bond (OHB) is opgewonde oor die impak wat die fonds kan hê op huidige Helderberg-inwoners en sien daarna uit om binnekort die eerste beurse toe te ken en ook om met die eerste verbeterings-projekte te begin. Hulle beoog ook om in die nabye toekoms splinternuwe OHB-webtuiste bekend te stel en gereelde nuusbrief aan OHB-lede te stuur.

### Eendrag Beursfonds en Klub 200-fonds

Die Eendragbeursfonds het ná die koshuis se 50 jaar-reünie in Maart 2011 ontstaan. Die gedagte vir die stigting van die beursfonds was dié van 'n groep oud-Eendragters, wat huidige Eendrag-inwoners wil help en motiveer om 'n groter impak in die koshuis en op kampus te maak. Die Eendragbeursfonds beloon uitnemendheid en ondersteun ook leierskap binne én buite die klaskamer. Die eerste beurse is vanjaar toegeken: Daar is tans sewe beurse van R50 000 elk per jaar, elkeen met unieke kriteria wat deur die skenker vasgestel is. Eendrag sal later vanjaar ook die Klub 200-fonds, kapitaaluitbreidingsfonds, van stapel stuur.

### Simonsberg Fonds

Wolfram Klingenberg, Simonsberg Primarius, het die nuwe Simonsberg Fonds in Februarie 2012 tydens die Simonsberg Met Alumni reünie bekendgestel. Dié fonds is gestig nadat Wolfram 'n behoefte geïdentifiseer het om Simonsberg te ontwikkel as 'n omgewing waar studente se akademiese leerervaring en algehele afronding deur buite-klaskamer geleenthede gekomplimenteer word. Wolfram sê die primêre fokus van die fonds val op finansiële steun aan studente wat sukses op akademiese en leierskap-ontwikkelingsgebied behaal, asook die uitbreiding van fasiliteite wat studente sukses sal ondersteun. "Die sekondêre fokus areas sluit gemeenskapsinteraksie, entrepreneurskap en buitemuurse aktiwiteite in."

*Vir meer inligting oor hoe jy tot enige van bogenoemde fondse kan bydra, skakel met Louise Enslin in die Alumniverhoudinge-kantoor by 021 808 9351 of enslin@sun.ac.za, of met Sidney van Heerden in die Ontwikkelingskantoor by 021 808 2941 of svheerd@sun.ac.za.*

## Support bursaries and ensure SU remains an institution of excellence.

**Every year, about 4 000 starry-eyed first-year students** arrive at Stellenbosch University (SU)'s various campuses. For many of them, this milestone in their lives would not have been possible without the contributions made by alumni and friends of the University to the SU Bursary Fund. In 2011, 40% of students studying at SU received bursary support (16 987 undergraduates and 10 550 postgraduates). Bursaries amounting to R369 986 493 were awarded, of which R5 277 885 was donated by individual donors. The availability of bursaries often plays an important part in a top student's decision to study at a specific university."This is one of the first questions asked by prospective students," says Arrie Hanekom, Head of the Division for Undergraduate Bursaries and Loans. Bursaries also create opportunities for students across the spectrum of our population and help to address the inequalities of the past. A contribution to the Bursary Fund is thus one of the most significant ways in which alumni can support SU's standing as an institution of excellence. Some of the avenues alumni can pursue to ensure the success of their Alma Mater include contributing to specific faculties, departments or even teaching programmes. "Donors in their wildest dreams won't believe what kind of impact a bursary can have on the life of a student in financial distress," says Mr Hanekom. Besides the knowledge that their donations are changing the lives of students, donors also receive a section 18A donation certificate that they can use to qualify for a tax rebate. *For more on the SU Bursary Fund, please contact Louise Enslin at 021 808 9351 or enslin@sun.ac.za.*



# Saam maak klein bietjies groot verskil




*Marianca Louw (tweede van regs), voorsitter van die reëlingskomitee van die Finalejaars 1..2..Give projek en Anina Botha (regs) voorsitter van die US se Studenteraad ontvang die tjek ten bate van die US Beursfonds van die Absa-teenwoordigers, mnr Juan Diergaardt en me Chrizelda van Reenen.* Foto: Justin Alberts

**Hoe kan Stellenbosch-alumni** 'n verskil in die lewe van huidige Matie maak? Dink net: As 1 000 alumni slegs R200 elk skenk, beteken dit 'n stewige inspuiting van R200 000 vir die Universiteit Stellenbosch (US) Beursfonds!


Soos die Engelse gesegde egter lui: "Charity begins at home." Dié gesindheid is presies wat finalejaarstudente openbaar het met die bekendstelling van die "Finalejaars 1…2…Give"-projek. Hierdie projek, 'n eerste vir die Universiteit, is onlangs op die Stellenbosch-kampus bekend gestel, en studente het hul hand diep in hul sak gesteek om die Beursfonds te ondersteun en ander só 'n geleentheid te bied om deel van die Maties-familie te word. Teen die einde van die aand het 58 studente elk skenkings gemaak.

"Ons sê nie dat ons die wêreld gaan verander nie, maar jou deelname kan 'n verskil in iemand se lewe maak." Dít was die mening van Anina Botha, huidige voorsitter van die US se Studenteraad (SR). Dr Llewellyn MacMaster, Studentedekaan, het die studente bemoedig en gesê "dit gaan nie oor die bedrae nie, maar die hart daaragter. Ons benodig iets nuut en vars wat ons kan inspireer. Vanaand is die vraag: Wat beteken hierdie plek (die US) vir ons? Ons is hier omdat ons toegewyd is en iets wil teruggee. Nie almal is so gelukkig om hier te kan studeer nie. Jy kan vanaand met sekerheid weet dat jou bydrae 'n verskil sal maak – elke bietjie help."

Van die studente wat die bekendstelling bygewoon het, het uitdaging aan alumni gerig en gesê oudstudente moet die geleentheid benut om deel van die "kultuur van teruggee" te word.

Neil de Kock, lid van die komitee wat die bekendstelling gereël het, het gesê finalejaarstudente sal eersdaags die arbeidswêreld betree en sal met hulle bydraes aan iemand anders die geleentheid bied om ook aan die US, "'n instelling van die hoogste gehalte", te studeer. "Alumni wat swak vaar op die gebied van alumnibydraes moet hulself afvra of hulle genoeg doen vir ons generasie of toekomstige generasies om hier te kan studeer."

Die volgende skuif lê dus nou by oud-Maties. Jou bydrae – groot óf klein – tot die US Beursfonds kan 'n baie nodige verskil in 'n student se lewe maak. *Indien jy die Beursfonds wil ondersteun, skakel gerus met Louise Enslin by 021 808 9351 of enslin@sun.ac.za.*



# Students rise to the occasion to show support for HOPE Project

**EARLIER THIS YEAR WE CELEBRATED** the successes of Stellenbosch University's (SU) ambitious HOPE Project. During the HOPE Week celebrations the University highlighted how hope can be used as the vehicle to bring about change in the South African society, the African continent and the world at large. Simone Nortmann, the SRC member with the HOPE Project portfolio, says the HOPE Project aligns SU with other top international universities. "On their websites most of them declare very prominently that universities need to be focussed on delivering solutions to the challenges of the world. This is not rocket science. This is us accepting the challenge. It's Stellenbosch University rising to the occasion."

Nortmann added that the objective of the HOPE Project is to indirectly cultivate a culture of giving among SU students – it is about "bursting the so-called Stellenbosch bubble". Some of the students on campus declared their support for the HOPE Project by penning their thoughts and definitions of HOPE on blackboards on the 'Rooiplein', while others took to the surrounding communities and set an example of hope in action. "Now, it is no longer about graduating only. It is about doing something meaningful with your degree; doing something that could change someone else's life." *For more on the HOPE Project and how you can support it, please visit www.thehopeproject.co.za*






## *Swipe and support the SU Bursary Fund*

Supporting the Stellenbosch University (SU) Bursary Fund has never been easier – all it takes is a swipe of your ABSA Affinity Credit Card. The ABSA SU Affinity Card is exclusively available to students, alumni and friends of SU and offers all the benefits normally associated with an ABSA credit card. It has also undergone a slight makeover with a brand-new picture that will conjure up memories of your old stomping grounds and serve as a reminder that your contribution will help other students to share in the Maties experience. The card holds an important benefit for SU: every time a card holder swipes the card, ABSA donates a percentage of the transaction to the University – at no additional cost to you. This year, based on sales between 1 April 2011 and 31 March 2012, ABSA donated R82 112 to the SU Bursary Fund. The SU Bursary Fund provides financial support to talented students from across the spectrum of our diverse population. The SU Affinity Card is a hassle-free and easy way to show your support for your Alma Mater. Why wait? To get your SU Affinity Card, SMS your name, surname, ID number and the word 'Maties' (for example, John*Smith*8012035156084*Maties) to 35435 or visit your nearest ABSA branch.

**ONS WIL BAIE GRAAG MET JOU KONTAK BEHOU!** Indien jy verhuis het of 'n nuwe e-pos adres aangeskaf het, stel ons gerus in kennis. Ons wil seker maak dat alle Stellenbosch Alumni en Vriende van die Universiteit op hoogte bly van alles wat aan't gebeur is in Matieland en ook wanneer ons geleenthede in jou area aanbied. Stuur jou nuutste kontakbesonderhede na alumni@sun.ac.za of skakel 021 808 4843.

deepagency.co.za